

11 Augustus

Skrifgedeelte: Miga 5:1-7

Fokusgedeelte: Miga 5:1a

Klein en nederig voor God

Die geboorteplek van ons Here Jesus Christus was Betlehem – die naam beteken: “huis van brood”. Daar sou die “Brood van die lewe” (Joh 6:35) gebore word. Daar op die randjie van die woestyn ... in eenvoud en nederigheid sou Hy in 'n stal gebore word. Dit was die grootste wonder op aarde ... 'n bo-natuurlike Godsdaad ... dáár het die Seun van God aarde geraak ... dáár het God in die gedaante van 'n klein Kindjie ons wêreld en ons lewe binnegekom.

Die profeet Miga profeteer oor die kleinheid en nederigheid van die plek en die Kind wat daar gebore sou word. Teenoor die luuksheid van ons groot hospitale en klinies-skoon teaters sou Hy gebore word in 'n stal. Nederig en klein voor God en mens. Maar dit was 'n grootse magsdaad van God om sy kinders – ek en jy – te bring tot geloof en saligheid. En soos Christus gebore is (klein en nederig) ... so sou sy hele lewe op aarde wees:

- In 'n krip gebore ... géén plek in die herberg
- Op vlug voor koning Herodes
- Seun van 'n timmerman
- Nasaret ... verag voor die mens
- Twaalf vissers as dissipels
- Jakkalse het gate en voëls het neste, maar Hý het geen plek om sy hoof neer te lê nie
- Ook sy preke en wonders was eenvoudig en nederig
- Uiteindelik staan Hy nakend, gegésel, gespot om ter dood veroordeel te word
- En die hoogtepunt van klein en nederig was toe Hy uitgeroep het: “My God, My God, waarom verlaat U my?”

En só bring die grootste magsdaad van God in die geboorte van Jesus ons op ons knieë voor die Almagtige in kleinheid en nederigheid, want wat is die mens? Afhanklik om klein en nederig te drink uit die fontein van lewe.

Gaan leef daarom ook vandag in kleinheid en nederigheid voor ons God. Hy sal u verhef tot mede-oorwinnaar deur Hom wat u liefhet!!!

Sing: Skrifberyming 4-4:1, 3, 5

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)